

Donderdag 13 Januarie

Skrifgedeelte: 1 Tessalonisense 2:13-16

Fokusgedeelte: 1 Tessalonisense 2:13

Is die Bybel mensewoorde of God se Woord?

Al die verskillende benaderings oor die Bybel val op die uiteinde in twee alternatiewe in. Die een is dat die Bybel maar eintlik net mensedenke oor God is. Dit is 'n siening wat in ons hedendaagse "moderne" wêreld al hoe meer populêr word, veral omdat daar heelwat "verligte" teoloë is wat hierdie siening voorstaan. Die ander benadering is, soos ons ook bely in NGB Artt. 2-7, dat die Bybel die Woord van God is waarin Hy Homself aan die mens openbaar.

Die keuse tussen die twee benaderings het uiteenlopende nagevolge. Die eerste benadering lei tot die dood, terwyl die tweede benadering lewe beteken.

Indien jy die eerste benadering sou navolg, beteken dit dat jy maar net op jouself en die noodlot aangewese is. Dan is al die troos en beloftes in die Bybel hol en leeg, sonder betekenis. Die logiese uiteindelijke slotsom van hierdie benadering is die denke dat God nie bestaan nie. Al dink jy so, beteken dit egter nie dat jy die straf (die ewige dood) waarvan die Bybel praat, gaan vryspring nie.

Die tweede benadering bied vir jou troos, en jy kan alleen daarin deel wanneer jy glo in Jesus Christus as jou enigste Verlosser en Saligmaker. Hierdie benadering gee vir jou die sekerheid dat die evangelie (die verlossing van jou sondedood deur Jesus Christus) ook vir jou waar is, want God sê dit so.

As die Bybel God se Woord is, dan beteken dit dat die troos wat God daarin vir ons bied, waar is en dat jy die straf waarvan ons in die Bybel hoor, op grond van Jesus Christus se soenverdienste vryspring. Dan vergeet jy nie sommer maar gerieflikheidshalwe wat jy gehoor het nie, maar jy leef uit wat jy gehoor het, soos bevestig word in 1 Tessalonisense 2:13. Omdat die Bybel God se lewende Woord is, verander dit jou lewe wanneer jy dit in geloof aanneem en daarvolgens begin leef.

Moenie twyfel nie. Aanvaar God se Woord en leef getroos vanuit hierdie waarheid en moenie bang wees om hierdie boodskap in woord en daad uit te dra nie.

Sing: Psalm 118-1:1

Ds. JG van der Walt (George) (Empangeni)